Mr. Watkin·

MENIKO

DIE PROVINSIE TRANSVAAL

Buitengewone Offisiële Koerant.

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

THE PROVINCE OF TRANSVAAL

Official Gazette Extraordinary.

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

Vol. CLXXIV.] PRYS 6d. PRETORIA, 9 SEPTEMBER 9 SEPTEMBER 1960. PRICE 6d. [2855.

## PROVINSIALE ADMINISTRASIE.

### ADMINISTRATEURSKENNISGEWING.

Onderstaande kennisgewing wat betrekking het op die administrasie van die Provinsie Transvaal word op gesag van die Administrateur vir algemene inligting gepubliseer.

J. H. O. VAN GRAAN,
Provinsiale Sekretaris.

Kantoor van die Administrateur van Transvaal, Pretoria.

Administrateurskennisgewing No. 684.] [9 September 1960.

Onderstaande Ontwerpordonnansie word vir algemene inligting gepubliseer:—

'N

# ONTWERPORDONNANSIE

**Tot wysiging van die Munisipale Verkiesings Ordonnansie 1927, die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, en die Wysigingsordonnansie op Munisipale Verkiesings, 1950, om die Ordonnansie op die Verkiesing van Burgemeesters en Onderburgemeesters in Aangewese Munisipaliteite, 1951, te herroep; om die Ordonnansie op Munisipale Verkiesings (Uitstel), 1960, te wysig; om ten opsigte van sekere stads- of dorpsrade voorsiening te maak vir die instelling van 'n bestuurskomitee om verantwoordelik te wees vir die administrasie van aangeleenthede rakende so 'n raad, en vir die omstandighede waarin komitees vir 'n grootstadsraad en so 'n bestuurskomitee ingestel kan word; om ten opsigte van 'n raad verdere voorsiening te maak in verband met die aanstelling van 'n stadsklerk; om in sekere gevalle voorsiening te maak vir die aanstelling van 'n klerk van die raad; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede in verband daarmee.**

DIE Provinsiale Raad van Transvaal VERORDEN AS VOLG:—

Woordomskrywing.

1. In hierdie Ordonnansie, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) „Administrateur" die amptenaar aangestel ingevolge die bepalings van artikel *agt-en-sestig* van die „Zuid-Afrika Wet, 1909", handelende op die advies en met die toestemming van die Uitvoerende Komitee van die Provinsie; (i)

(ii) „algemene verkiesing" 'n algemene verkiesing soos in artikel *twee* van die Munisipale Verkiesings Ordonnansie 1927 (Ordonnansie No. 4 van 1927), genoem; (iv)

(iii) „bestuurskomitee" 'n bestuurskomitee in subartikel (1) van artikel *een-en-vyftig* genoem; (v)

(iv) „klerk van die Raad" 'n klerk van die Raad in paragraaf (*b*) van artikel *twee-en-sestig* genoem; (iii)

(v) „Raad van Advies" die Raad van Advies insake Plaaslike Bestuur ingevolge subartikel (1) van artikel *twee* van die Ordonnansie op die beheer oor Plaaslike Bestuur, 1958 (Ordonnansie No. 21 van 1958), ingestel; (ii)

en enige ander woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 toegeken is, het daardie betekenis.

## PROVINCIAL ADMINISTRATION.

### ADMINISTRATOR'S NOTICE.

The following notice relating to the administration of the Province of the Transvaal is published under the authority of the Administrator for general information.

J. H. O. VAN GRAAN,
Provincial Secretary.

Office of the Administrator of Transvaal, Pretoria.

Administrator's Notice No. 684.] [9 September 1960.

The following Draft Ordinance is published for general information:—

A

# DRAFT ORDINANCE

**To amend the Municipal Elections Ordinance 1927, the Local Government Ordinance, 1939, and the Municipal Elections Amendment Ordinance, 1950; to repeal the Election of Mayors and Deputy-Mayors in Designated Municipalities Ordinance, 1951, and to amend the Municipal Elections (Postponement) Ordinance, 1960; to provide for the establishment of a Management Committee for certain town and village councils to be responsible for the administration of matters relating to such a council and for the circumstances in which committee may be established for a city council and such management committee; to make further provision relating to the appointment of a town clerk of a council and for the appointment of a clerk of the council in certain cases; and to provide for matters incidental thereto.**

BE IT ENACTED by the Provincial Council of Transvaal as follows:—

1. In this Ordinance, unless the context otherwise indicates— Definitions.

(i) "Administrator" means the officer appointed under the provisions of section *sixty-eight* of the South Africa Act 1909, acting on the advice and with the consent of the Executive Committee of the Province; (i)

(ii) "Advisory Board" means the Local Government Advisory Board established in terms of sub-section (1) of section *two* of the Local Government Control Ordinance, 1958 (Ordinance No. 21 of 1958); (v)

(iii) "clerk of the council" means a clerk of the council referred to in paragraph (*b*) of section *sixty-two;* (iv)

(iv) "general election" means a general election referred to in section *two* of the Municipal Elections Ordinance 1927 (Ordinance No. 4 of 1927); (ii)

(v) "management committee" means a management committee referred to in sub-section (1) of section *fifty-one*; (iii)

and any other word or expression to which a meaning has been assigned in the Local Government Ordinance, 1939, shall bear that meaning.

A—549238

Hierdie Ordonnansie word as een gelees met Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939.

**2.** Hierdie Ordonnansie, uitgenome vir sover dit betrekking het op wysigings van die Munisipale Verkiesings Ordonnansie 1927, die Wysigingsordonnansie op Munisipale Verkiesings, 1950 en die herroeping van die Ordonnansie op die Verkiesing van Burgemeesters en Onderburgemeesters in Aangewese Munisipaliteite, 1951 en die wysiging van die Ordonnansie op Munisipale Verkiesings (Uitstel), 1960, word gelees as een met die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939.

Wysiging van artikel 2 van Ordonnansie 4 van 1927, soos gewysig by artikel 3 van Ordonnansie 19 van 1950 en artikel 1 van Ordonnansie 18 van 1953.

**3.** Artikel twee van die Munisipale Verkiesings Ordonnansie 1927, word hierby gewysig—

(*a*) deur na die omskrywing van „aanvang van hierdie Ordonnansie" die volgende omskrywing in te voeg:

„,toevallige vakature' beteken 'n toevallige vakature in artikel *sewe-en-twintig, twee-en-dertig* of *honderd een-en-dertig* genoem;"; en

(*b*) deur na die omskrywing van „Raad" die volgende omskrywing in te voeg:

„,algemene verkiesing' beteken enige verkiesing in artikel *vier-en-twintig* of *honderd ses-en-twintig* genoem;".

Wysiging van artikel 7 van Ordonnansie 4 van 1927.

**4.** Artikel *sewe* van die Munisipale Verkiesings Ordonnansie 1927, word hierby gewysig deur die uitdrukking „onmiddellik aangevul word op die wyse deur hierdie Ordonnansie voorgeskrewe, dog nietemin onderworp aan die hierna gemaakte bepalings omtrent vakatures wat ontstaan binne drie maande vanaf die jaarlikse verkiesing bedoel in artikel *vier-en-twintig* of in artikel *een-honderd ses-en-dertig*" deur die uitdrukking „aangevul word op die wyse by hierdie Ordonnansie bepaal" te vervang.

Wysiging van artikel 8 van Ordonnansie 4 van 1927, soos vervang deur artikel 7 van Ordonnansie 19 van 1950 en soos gewysig by artikel 3 van Ordonnansie 26 van 1951.

**5.** Artikel *agt* van die Munisipale Verkiesings Ordonnansie 1927, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Iedereen wie se naam voorkom op 'n kieserslys opgestel ingevolge artikel *agt* van die Wet ten opsigte van enige verkiesingsafdeling of gedeelte van 'n verkiesingsafdeling binne die munisipaliteit waarin hy woonagtig is, is, behoudens die bepalings van artikels *nege* en *tien*, geregtig om te stem by enige algemene verkiesing of verkiesing om 'n toevallige vakature aan te vul.".

Wysiging van artikel 9 van Ordonnansie 4 van 1927, soos vervang deur artikel 8 van Ordonnansie 9 van 1950 en soos gewysig by artikel 4 van Ordonnansie 26 van 1951 en artikel 1 van Ordonnansie 11 van 1957.

**6.** Artikel *nege* van die Munisipale Verkiesings Ordonnansie 1927, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Iedereen wat, op die eerste dag van September van die jaar wat die jaar voorafgaan waarin 'n algemene verkiesing gehou staan te word, bevoeg is om op die kieserslys of lys vir 'n munisipaliteit geregistreer te word, is, wanneer hy geregistreer is ingevolge die bepalings van hierdie Ordonnansie, geregtig om by sodanige verkiesing te stem.".

Wysiging van artikel 10 van Ordonnansie 4 van 1927, soos vervang deur artikel 9 van Ordonnansie 19 van 1950.

**7.** Artikel *tien* van die Munisipale Verkiesings Ordonnansie 1927, word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woord „jaarlikse" deur die woord „algemene" te vervang.

Herroeping van artikel 11 van Ordonnansie 4 van 1927, soos gewysig by artikel 10 van Ordonnansie 19 van 1950 en artikel 12 van Ordonnansie 26 van 1951.

**8.** Artikel *elf* van die Munisipale Verkiesings Ordonnansie 1927, word hierby, vir sover dit nie reeds herroep is nie, herroep.

This Ordinance to be read as one with Local Government Ordinance, 1939.

**2.** This Ordinance, except in so far as it refers to amendments to the Municipal Elections Ordinance, 1927, the Municipal Elections Amendment Ordinance, 1950, the repeal of the Election of Mayors and Deputy-Mayors in Designated Municipalities Ordinance, 1951, and the amendment of the Municipal Elections (Postponement) Ordinance, 1960, shall be read as one with the Local Government Ordinance, 1939.

Amendment of section 2 of Ordinance 4 of 1927 as amended by section 3 of Ordinance 19 of 1950 and section 1 of Ordinance 18 of 1953.

**3.** Section *two* of the Municipal Elections Ordinance, 1927, is hereby amended—

(*a*) by the insertion after the definition of "commencement of this Ordinance" of the following definition:

"'casual vacancy' means a casual vacancy referred to in section *twenty-seven, thirty-two* or *one hundred and thirty-one*;"; and

(*b*) by the insertion after the definition of "council" of the following definition:

"'general election' means any election referred to in section *twenty-four* or *one hundred and twenty-six*;".

Amendment of section 7 of Ordinance 4 of 1927.

**4.** Section *seven* of the Municipal Elections Ordinance 1927, is hereby amended by the substitution for the expression "forthwith be filled up in manner directed by this Ordinance, but subject nevertheless to the provisions hereinafter made as to vacancies occurring within three months of the annual election referred to in section *twenty-four* or in section *one hundred and thirty-six*" of the expression "be filled up in the manner provided for in this Ordinance;".

Amendment of section 8 of Ordinance 4 of 1927, as substituted by section 7 of Ordinance 19 of 1950 and as amended by section 3 of Ordinance 26 of 1951.

**5.** Section *eight* of the Municipal Elections Ordinance 1927, is hereby amended by the substitution for sub-section (1) of the following sub-section:

"(1) Any person whose name appears on a voters' list prepared in terms of section *eight* of the Act in respect of any electoral division or portion of an electoral division within the municipality in which he is resident, shall, subject to the provisions of sections *nine* and ten, be entitled to vote at any general election or election to fill a casual vacancy.".

Amendment of section 9 of Ordinance 4 of 1927, as substituted by section 8 of Ordinance 9 of 1950 and as amended by section 4 of Ordinance 26 of 1951 and section 1 of Ordinance 11 of 1957.

**6.** Section *nine* of the Municipal Elections Ordinance 1927, is hereby amended by the substitution for sub-section (1) of the following sub-section:

"(1) Any person who as at the first day of September of the year preceding the year in which a general election is to be held, is qualified to be enrolled on the voters' roll or list for a municipality shall, when enrolled under the provisions of this Ordinance, be entitled to vote at such election.".

Amendment of section 10 of Ordinance 4 of 1927, as substituted by section 9 of Ordinance 19 of 1950.

**7.** Section *ten* of the Municipal Elections Ordinance 1927, is hereby amended by the substitution in sub-section (1) for the word "annual" of the word "general".

Repeal of section 11 of Ordinance 4 of 1927, as amended by section 10 of Ordinance 19 of 1950 and section 12 of Ordinance 26 of 1951.

**8.** Section *eleven* of the Municipal Elections Ordinance 1927, in so far as it has not already been repealed, is hereby repealed.

Wysiging van artikel 12 van Ordonnansie 4 van 1927, soos gewysig by artikel 2 van Ordonnansie 9 van 1937, artikel 1 van Ordonnansie 4 van 1942, artikel 2 van Ordonnansie 9 van 1943 en soos vervang deur artikel 11 van Ordonnansie 19 van 1950 en gewysig by artikel 5 van Ordonnansie 26 van 1951 en artikel 2 van Ordonnansie 11 van 1957.

**9.** Artikel *twaalf* van die Munisipale Verkiesings Ordonnansie 1927, word hierby gewysig—

(*a*) deur in subparagraaf (iii) van paragraaf (*e*) van subartikel (1) die woord „Januarie" deur die woord „Mei" te vervang;

(*b*) deur in subparagraaf (i) van paragraaf (*h*) van subartikel (1) die woorde „een-en-dertigste dag van Mei" deur die woorde „dertigste dag van September" te vervang;

(*c*) deur in paragraaf (*a*) van subartikel (2) die woord „jaarlikse" deur die woord „algemene" te vervang;

(*d*) deur in paragraaf (*a*) van subartikel (3) die woorde „Januarie van enige jaar waarin 'n jaarlikse" deur die woorde „Mei van die jaar wat die jaar voorafgaan waarin 'n algemene" en deur die woord „Januarie" waar dit vir die tweede keer voorkom, deur die woord „Mei" te vervang; en

(*e*) deur in paragraaf (*b*) van subartikel (3) die woord „jaarlikse" deur die woord „algemene" te vervang.

Amendment of section 12 of Ordinance 4 of 1927, as amended by section 2 of Ordinance 9 of 1937, section 1 of Ordinance 4 of 1942, section 2 of Ordinance 9 of 1943 and as substituted by section 11 of Ordinance 19 of 1950 and amended by section 5 of Ordinance 26 of 1951 and section 2 of Ordinance 11 of 1957.

**9.** Section *twelve* of the Municipal Elections Ordinance 1927, is hereby amended—

(*a*) by the substitution in sub-paragraph (iii) of paragraph (*e*) of sub-section (1) for the word "January" of the word "May";

(*b*) by the substitution in sub-paragraph (i) of paragraph (*h*) of sub-section (1) for the words "thirty-first day of May" of the words "thirtieth day of September";

(*c*) By the substitution in paragraph (*a*) of sub-section (2) for the word "annual" of the word "general";

(*d*) by the substitution in paragraph (*a*) of sub-section (3) for the words "January of any year in which an annual" of the words "May of the year preceding the year in which a general" and for the word "January", where it occurs for the second time, of the word "May";

(*e*) by the substitution in paragraph (*b*) of sub-section (3) for the word "annual" of the word "general".

Wysiging van artikel 15 van Ordonnansie 4 van 1927, soos gewysig by artikel 3 van Ordonnansie 9 van 1937, artikel 3 van Ordonnansie 9 van 1943, artikel 11 van Ordonnansie 18 van 1943, artikel 1 van Ordonnansie 13 van 1945, artikel 12 van Ordonnansie 19 van 1950, artikel 6 van Ordonnansie 26 van 1951 en artikel 4 van Ordonnansie 11 van 1957.

**10.** Artikel *vyftien* van die Munisipale Verkiesings Ordonnansie 1927, word hierby gewysig—

(*a*) deur in subparagraaf (i) van paragraaf (*a*) van subartikel (1) die woorde „Junie en Julie" waar hulle ook al voorkom, deur die woorde „Oktober en November" en die woorde „eenmaal elke drie jaar" deur die woorde „in elke jaar wat 'n algemene verkiesing voorafgaan" te vervang;

(*b*) deur in paragraaf (c) van subartikel (1) die woorde „Mei van die jaar waarin 'n jaarlikse" deur die woorde „September van die jaar wat die jaar voorafgaan waarin 'n algemene" te vervang;

(*c*) deur paragraaf (*b*) van subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*b*) die maande Oktober en November van enige volgende jaar voor 'n algemene verkiesing vasstel as die maande waarin die Raad die volgende kieserslys ooreenkomstig die bepalings van hierdie Ordonnansie moet opstel.";

(*d*) deur in subartikel (4) die woorde „Januarie en April" en „driejaarlikse" deur onderskeidelik die woorde „April en Julie" en „vyfjaarlikse" te vervang; en

(*e*) deur in subartikel (6) die woorde „jaarlikse verkiesing en nie later as die een-en-dertigste dag van Mei daarna nie" deur die woorde „algemene verkiesing en nie later as die dertigste dag van September in die jaar wat die eersvolgende algemene verkiesing voorafgaan" te vervang.

Amendment of section 15 of Ordinance 4 of 1927, as amended by section 3 of Ordinance 9 of 1937, section 3 of Ordinance 9 of 1943, section 11 of Ordinance 18 of 1943, section 1 of Ordinance 13 of 1945, section 12 of Ordinance 19 of 1950, section 5 of Ordinance 26 of 1951 and section 4 of Ordinance 11 of 1957.

**10.** Section *fifteen* of the Municipal Elections Ordinance 1927, is hereby amended—

(*a*) by the substitution in sub-paragraph (i) of paragraph (*a*) of sub-section (1) for the words "June and July", wherever they occur, of the words "October and November" and for the words "every three years" of the words "in every year preceding a general election";

(*b*) by the substitution in paragraph (*c*) of sub-section (1) for the words "May of the years in which an annual" of the words "September of the year preceding the year in which a general";

(*c*) by the substitution for paragraph (*b*) of sub-section (3) of the following paragraph:

"(*b*) fix the months of October and November of any subsequent year prior to a general election as the months in which the council shall frame the next roll in accordance with the provisions of this Ordinance.";

(*d*) by the substitution in sub-section (4) for the words "January and April" and "triennial" of the words "April and July" and "quinquennial" respectively; and

(*e*) by the substitution in sub-section (6) for the words "annual election and not later than the thirty-first day of May thereafter" of the words "general election and not later than the thirtieth day of September in the year preceding the next succeeding general election".

Wysiging van artikel 19 van Ordonnansie 4 van 1927, soos gewysig by artikel 1 van Ordonnansie 13 van 1945 en soos vervang deur Ordonnansie 19 van 1950 en gewysig by artikel 7 van Ordonnansie 26 van 1951 en artikel 5 van Ordonnansie 11 van 1957.

**11.** Artikel *negentien* van die Munisipale Verkiesings Ordonnansie 1927, word hierby gewysig deur in paragraaf (*b*) van die voorbehoudsbepaling by subartikel (1) die woorde „Mei in enige jaar waarin 'n jaarlikse" deur die woorde „September van die jaar wat die jaar voorafgaan waarin 'n algemene" en die woord „jaarlikse" deur die woord „algemene" te vervang.

Amendment of section 19 of Ordinance 4 of 1927, as amended by section 1 of Ordinance 13 of 1945 and as substituted by Ordinance 19 of 1950 and amended by section 7 of Ordinance 26 of 1951 and section 5 of Ordinance 11 of 1957.

**11.** Section *nienteen* of the Municipal Elections Ordinance 1927, is hereby amended by the substitution in paragraph (*b*) of the proviso to sub-section (1) for the words "May in any year in which an annual" of the words "September of the year preceding the year in which a general" and for the word "annual" of the word "general".

Wysiging van artikel 23 van Ordonnansie 4 van 1927, soos gewysig by artikel 6 van Ordonnansie 11 van 1957.

**12.** Artikel *drie-en-twintig* van die Munisipale Verkiesings Ordonnansie 1927, word hierby gewysig deur in subartikel (1) al die woorde na die woord „word" aan die end van die eerste sin deur die volgende te vervang:

„Die raadslede verkies by sodanige eerste verkiesing beklee tensy hulle andersins hulle amp ontruim hul amp tot en met die dag wat die dag van die eersvolgende algemene verkiesing voorafgaan.".

Vervanging van artikel 24 van Ordonnansie 4 van 1927.

**13.** Artikel *vier-en-twintig* van die Munisipale Verkiesings Ordonnansie 1927, word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Algemene verkiesing van raadslede.

**24.** 'n Verkiesing van alle lede van 'n Raad moet op die eerste Woensdag in Maart 1962 gehou word en 'n dergelike verkiesing moet op die eerste Woensdag in Maart van elke vyfde jaar daarna plaasvind.".

Vervanging van artikel 25 van Ordonnansie 4 van 1927.

**14.** Artikel *vyf-en-twintig* van die Munisipale Verkiesings Ordonnansie 1927, word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Ampstermyn van raadslede by algemene verkiesing verkies.

**25.** 'n Raadslid verkies by 'n algemene verkiesing, beklee, tensy hy andersins sy amp ontruim, sy amp tot en met die dag wat die dag van die eersvolgende algemene verkiesing voorafgaan.".

Wysiging van artikel 26 van Ordonnansie 4 van 1927.

**15.** Artikel *ses-en-twintig* van die Munisipale Verkiesings Ordonnansie 1927, word hierby gewysig deur die woorde „aftree of sy setel op andere" deur die woorde „se setel op enige" te vervang.

Wysiging van artikel 27 van Ordonnansie 4 van 1927.

**16.** Artikel *sewe-en-twintig* van die Munisipale Verkiesings Ordonnansie 1927, word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikels te vervang:

„(2) Wanneer 'n toevallige vakature in die Raad ontstaan, moet die raadslid verkies te word ter aanvulling van sodanige vakature verkies word op die wyse bepaal vir die verkiesing van kandidate by die algemene verkiesing: Met dien verstande dat as sodanige vakature binne drie maande voor die eersvolgende algemene verkiesing ontstaan en daar hoogstens drie sulke vakatures is, sodanige vakature nie aangevul word nie maar bly bestaan totdat daardie algemene verkiesing gehou word.

(3) Iedereen verkies om 'n toevallige vakature aan te vul beklee tensy hy andersins sy amp ontruim sy amp vir die onverstreke ampstydperk van die raadslid in wie se plek hy verkies is.".

Wysiging van artikel 101 van Ordonnansie 4 van 1927.

**17.** Artikel *honderd-en-een* van die Munisipale Verkiesings Ordonnansie 1927, word hierby gewysig deur in subartikel (6) die woord „jaarlikse" deur die woord „algemene" te vervang.

Wysiging van artikel 126 van Ordonnansie 4 van 1927, soos gewysig by artikel 8 van Ordonnansie 9 van 1937.

**18.** Artikel *honderd ses-en-twintig* van die Munisipale Verkiesings Ordonnansie 1927, word hierby gewysig:

(*a*) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang—

„(1) 'n Verkiesing van alle lede van 'n dorpsraad moet op die eerste Woensdag in Maart 1962 gehou word en 'n dergelike verkiesing moet op die eerste Woensdag in Maart van elke vyfde jaar daarna gehou word."; en

(*b*) deur in subartikel (2) die woorde „sal, met inagname van die bepalings van subseksie (1) die dag vir hou van die verkiesing vasstel en hy sal minstens veertien dae voor die dag aldus vasgestel" deur die woorde „moet, minstens veertien dae voor die datum in subartikel (1) bepaal" te vervang.

**12.** Section *twenty-three* of the Municipal Elections Ordinance 1927, is hereby amended by the substitution in sub-section (1) for all the words after the word "ward" of the following:

Amendment of section 23 of Ordinance 4 of 1927, as amended by section 6 of Ordinance 11 of 1957.

"The councillors elected at such first election shall, unless they shall otherwise cease to hold office, hold office until the day preceding the day of the next succeeding general election.".

**13.** The following section is hereby substituted for section *twenty-four* of the Municipal Elections Ordinance 1927:

Substitution of section 24 of Ordinance 4 of 1927.

"General election of councillors.

**24.** An election of all members of a council shall be held on the first Wednesday in March, 1926, and a like election shall take place on the first Wednesday in March of every fifth year thereafter.".

**14.** The following section is hereby substituted for section *twenty-five* of the Municipal Elections Ordinance 1927:

Substitution of section 25 of Ordinance 4 of 1927.

"Period of office of councillors elected at general election.

**25.** A councillor elected at a general election, unless he shall otherwise cease to hold office, shall hold office until the day preceding the day of the next succeeding general election.".

**15.** Section *twenty-six* of the Municipal Elections Ordinance 1927, is hereby amended by the deletion of the words "retiring or" and the word "other".

Amendment of section 26 of Ordinance 4 of 1927.

**16.** Section *twenty-seven* of the Municipal Elections Ordinance 1927, is hereby amended by the substitution for sub-section (2) of the following sub-sections:

Amendment of section 27 of Ordinance 4 of 1927.

"(2) Whenever any casual vacancy occurs in the council, the councillor to be elected to fill such vacancy shall be elected in the manner provided for the election of candidates at the general election: Provided that if such vacancy occurs within three months of the next succeeding general election and there are not more than three such vacancies, such vacancy shall not be filled but shall remain until the holding of that general election.

(3) Any person elected to fill a casual vacancy shall unless he shall otherwise cease to hold office, hold office for the unexpired period of office of the councillor in whose stead such person has been elected.".

**17.** Section *one hundred and one* of the Municipal Elections Ordinance 1927, is hereby amended by the substitution in sub-section (6) for the word "annual" of the word "general".

Amendment of section 101 of Ordinance 4 of 1927.

**18.** Section *one hundred and twenty-six* of the Municipal Elections Ordinance 1927, is hereby amended—

Amendment of section 126 of Ordinance 4 of 1927, as amended by section 8 of Ordinance 9 of 1937.

(*a*) by the substitution for sub-section (1) of the following sub-section:—

"(1) An election of all members of a village council shall be held on the first Wednesday in March, 1962, and a like election shall be held on the first Wednesday in March of every fifth year thereafter."; and

(*b*) by the substitution in sub-section (2) for the words: "subject to the provisions of sub-section (1), fix the day for holding the election, and not less than fourteen days before the day so fixed, he shall" of the words "not less than fourteen days before the date mentioned in sub-section (1)".

Vervanging van artikel 131 van Ordonnansie 4 van 1927, soos gewysig by artikel 9 van Ordonnansie 9 van 1937 en artikel 40 van Ordonnansie 19 van 1950.

**19.** Artikel *honderd een-en-dertig* van die Munisipale Verkiesings Ordonnansie 1927, word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Toevallige vakatures. **131.** (1) Ingeval 'n vakature ontstaan as gevolg van enigeen van die omstandighede in artikel *sewe* genoem, moet die voorsitter van die Raad die stadsklerk van enige sodanige vakature in kennis stel en laasgenoemde moet, uitgesonderd in die omstandighede in subartikel (2) genoem, onverwyld 'n vergadering van geregistreerde kiesers vir die munisipaliteit belê vir die doel om sodanige vakature aan te vul op die wyse vroeër hierin bepaal.

(2) As enige sodanige vakature binne drie maande voor die eersvolgende algemene verkiesing ontstaan en daar hoogstens drie sulke vakatures is, word sodanige vakature nie aangevul nie maar bly bestaan totdat daardie algemene verkiesing gehou word.

(3) Iedereen verkies om 'n toevallige vakature aan te vul, beklee, tensy hy andersins sy amp ontruim sy amp vir die onverstreke ampstydperk van die raadslid in wie se plek hy verkies is.".

Substitution of section 131 of Ordinance 4 of 1927, as amended by section 9 of Ordinance 9 of 1937 and section 40 of Ordinance 19 of 1950.

**19.** The following section is hereby substituted for section *one hundred and thirty-one* of the Municipal Elections Ordinance 1927:—

"Casual vacancies. **131.** (1) In the event of a vacancy occurring as a result of any of the circumstances mentioned in section *seven*, the chairman of the council shall notify any such vacancy to the town clerk, who shall, except in the circumstances mentioned in sub-section (2), forthwith summon a meeting of enrolled voters for the municipality for the purpose of filling such vacancy in the manner hereinbefore provided.

(2) If any such vacancy occurs within three months prior to the next succeeding general election, such vacancy shall not be filled but shall remain until the holding of that general election.

(3) Any person elected to fill a casual vacancy shall, unless he shall otherwise cease to hold office, hold office for the unexpired period of office of the councillor in whose stead such person has been elected.".

Vervanging van artikel 134 van Ordonnansie 4 van 1927.

**20.** (1) Artikel *honderd vier-en-dertig* van die Munisipale Verkiesings Ordonnansie, 1927, word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Ampstermyn van raadslede by eerste verkiesing verkies. **134.** Die raadslede by 'n eerste verkiesing ingevolge artikel *honderd drie-en-dertig* verkies, beklee, tensy hulle andersins hulle amp ontruim, hul amp tot en met die dag wat die dag van die eersvolgende algemene verkiesing voorafgaan.".

Substitution of section 134 of Ordinance 4 of 1927.

**20.** (1) The following section is hereby substituted for section *one hundred and thirty-four* of the Municipal Elections Ordinance 1927:

"Period of office of councillors elected at first election. **134.** The councillors elected at a first election in terms of section *one hundred and thirty-three* shall, unless they shall otherwise cease to hold office, hold office until the day preceding the day of the next succeeding general election.".

Herroeping van artikel 135 van Ordonnansie 4 van 1927.

**21.** Artikel *honderd vyf-en-dertig* van die Munisipale Verkiesings Ordonnansie, 1927, word hierby herroep.

Repeal of section 135 of Ordinance 4 of 1927.

**21.** Section *one hundred and thirty-five* of the Municipal Elections Ordinance 1927, is hereby repealed.

Herroeping van artikel 136 van Ordonnansie 4 van 1927.

**22.** Artikel *honderd ses-en-dertig* van die Munisipale Verkiesings Ordonnansie 1927, word hierby herroep.

Repeal of section 136 of Ordinance 4 of 1927.

**22.** Section *one hundred and thirty-six* of the Municipal Elections Ordinance 1927, is hereby repealed.

Vervanging van artikel 137 van Ordonnansie 4 van 1927.

**23.** Artikel *honderd sewe-en-dertig* van die Munisipale Verkiesings Ordonnansie 1927, word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Ampstermyn van raadslede by algemene verkiesing verkies. **137.** 'n Raadslid by 'n algemene verkiesing verkies, beklee, tensy hy andersins sy amp ontruim, sy amp tot en met die dag wat die dag van die eersvolgende algemene verkiesing voorafgaan.".

Substitution of section 137 of Ordinance 4 of 1927.

**23.** The following section is hereby substituted for section *one hundred and thirty-seven* of the Municipal Elections Ordinance 1927:

"Period of office of councillors elected at general election. **137.** A councillor elected at a general election shall, unless he shall otherwise cease to hold office, hold office until the day preceding the day of the next succeeding general election.".

Vervanging van artikel 16 van Ordonnansie 17 van 1939.

**24.** (1) Artikel *sestien* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie No. 17 van 1939), word hierby deur die volgende artikel vervang:—

„Verkiesing van burgemeester. **16.** (1) Ten opsigte van elke raad word daar—

(*a*) na die eerste verkiesing van raadslede, deur die raadslede wat teenwoordig is op 'n spesiale vergadering deur die stadsklerk vir die doel belê; en

(*b*) op 'n datum in elke jaar, met ingang van die jaar 1962, gedurende Maart en nie later nie as die vyftiende dag daarvan, deur die raadslede wat teenwoordig is op 'n spesiale vergadering deur die stadsklerk vir die doel belê; en

Substitution of section 16 of Ordinance 17 of 1939.

**24.** The following section is hereby substituted for section *sixteen* of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance No. 17 of 1939):

"Election of mayor. **16.** (1) In respect of every council there shall be elected—

(*a*) after the first election of councillors, by the councillors present at a special meeting convened by the town clerk for that purpose; and

(*b*) on a date in each year, with effect from the year 1962, during March but not later than the fifteenth day thereof, by the councillors present at a special meeting convened by the town clerk for that purpose; and

(c) indien 'n spesiale vergadering belê word vir die verkiesing van 'n bestuurskomitee vir 'n raad ooreenkomstig die bepalings van subartikel (1) van artikel *twee-en-vyftig* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960, voor Maart 1962, deur die raadslede wat teenwoordig is op daardie vergadering, voordat die bestuurskomitee verkies word,

een raadslid verkies as burgemeester van die munisipaliteit waarvoor hy aldus verkies word en sodanige verkiesing geskied by volstrekte meerderheid van sodanige lede op 'n wyse deur die Administrateur by regulasie bepaal te word en vir die geval van 'n staking van stemme, kan daar aldus bepaal word dat 'n beslissing verkry kan word deur middel van loting: Met dien verstande dat geen sodanige verkiesing gehou word voor enige algemene verkiesing soos omskryf in artikel *twee* van die Munisipale Verkiesings Ordonnansie 1927, nie, indien so'n algemene verkiesing in die betrokke jaar gehou word.

(2) Die burgemeester aanvaar onverwyld sy amp en bly, tensy sy amp vroeër vakant raak, in sy amp aan totdat sy opvolger ingevolge subartikel (1) verkies word.

(3) By die verkiesing van 'n burgemeester indien die voorsitter nie beskikbaar is nie en die raad nie een uit sy geledere aanwys om as voorsitter op te tree nie tree die stadsklerk as voorsitter op.

(4) Indien die persoon wat as voorsitter by 'n vergadering gehou ingevolge subartikel (1), optree—

(a) 'n lid van die raad is, het hy ingeval van 'n staking van stemme by die verkiesing van die burgemeester, geen beslissende stem nie; of

(b) nie 'n lid van die raad is nie, word sodanige persoon by die vasstelling van die kworum wat by sodanige vergadering teenwoordig moet wees nie, in aanmerking geneem nie en is hy nie geregtig om te stem nie.

(5) Ingeval die amp van burgemeester om 'n ander rede vakant raak as die verstryking van die tydperk waarvoor sodanige burgemeester verkies is, word 'n opvolger op die tweede gewone vergadering gehou nadat die vakature ontstaan het, deur die raadslede wat teenwoordig is, uit hulle geledere verkies ooreenkomstig die prosedure in subartikel (1) bepaal en sodanige opvolger aanvaar onverwyld sy amp en dien, tensy sy amp vroeër vakant raak, as burgemeester vir die onverstreke tydperk waarvoor sy voorganger verkies was.

(6) Indien 'n burgemeester om watter rede ook al nie op 'n vergadering in subartikel (5) bedoel, verkies word nie, kan hy op die eerste gewone vergadering van die raad wat daarna gehou word of op 'n spesiale vergadering deur die stadsklerk vir die doel belê, verkies word: Met dien verstande dat sodanige verkiesing nie sonder die goedkeuring van die Administrateur later as een maand na die datum van sodanige tweede gewone vergadering in subartikel (5) genoem, mag plaasvind nie.

(c) if a special meeting is convened for the election of a management committee for a council in terms of the provisions of sub-section (1) of section *fifty-two* of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960, before March, 1962, by the councillors present at that meeting before the management committee is elected,

one councillor as mayor of the municipality for which he is so elected, and such election shall be by absolute majority of such members in a manner to be provided by the Administrator by regulation and in the event of an equality of votes provision may be so made for a decision to be arrived at by lot: Provided that no such election shall be held prior to any general election as defined in section *two* of the Municipal Elections Ordinance 1927, if such general election is held in the said year.

(2) The mayor shall forthwith enter upon his office and unless his office be sooner vacated, continue therein until his successor be elected in terms of sub-section (1).

(3) If at the election of a mayor, the chairman is not available and the council has not elected one of its members to act as chairman, the town clerk shall act as chairman.

(4) If the person acting as chairman at a meeting held in terms of sub-section (1)—

(a) is a member of the council, he shall, in the event of an equality of votes at the election of the mayor, not have a casting vote; or

(b) is not a member of the council, such person shall in determining the quorum necessary for the holding of such meeting not to be taken into account and he shall not be entitled to vote thereat.

(5) If the office of mayor becomes vacant for any other reason than the expiry of the period of which such mayor was elected, a successor shall at the ordinary meeting next but one held after the vacancy occurred, be elected by the councillors who are present, from amongst themselves in accordance with the procedure provided for in sub-section (1) and such successor shall forthwith enter upon his office and serve as mayor for the unexpired period for which his predecessor was elected unless his office is sooner vacated.

(6) If a mayor for any reason whatsoever is not elected at a meeting referred to in sub-section (5), he may be elected at the first ordinary meeting of the council held thereafter or at a special meeting convened by the town clerk for that purpose: Provided that without the approval of the Administrator such election may not take place later than one month after the date of such second ordinary meeting referred to in sub-section (5).

(7) Indien die verkiesing in subartikel (6) bedoel, nie binne die daarin vermelde tydperk plaasvind nie, moet die stadsklerk oor sodanige feit onverwyld aan die Administrateur verslag doen, of indien die stadsklerk versuim om aldus verslag te doen, kan die Administrateur self daarvan kennis neem.

(8) By ontvangs van 'n verslag ingevolge subartikel (7) of kennisname ingevolge daardie subartikel, kan die Administrateur, tensy hy van mening is dat aan die bepalings van artikel *honderd nege-en-sestig* gevolg gegee moet word, die versuim van die raad kondoneer en gelas dat die verkiesing gehou word op 'n datum deur hom bepaal.".

(2) Enige burgermeester wat sy amp beklee by die inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie uit hoofde van 'n verkiesing gehou ingevolge artikel *sestien* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bly in sy amp aan totdat sy opvolger verkies word ingevolge die bepalings van daardie artikel, soos vervang deur subartikel (1) van hierdie artikel: Met dien verstande dat enige toevallige vakature in die amp van burgemeester wat ontstaan voordat sodanige opvolger verkies word, gevul word asof subartikel (1) van hierdie artikel nie verorden was nie.

Wysiging van artikel 17 van Ordonnansie 17 van 1939.

**25.** (1) Artikel *sewentien* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby gewysig deur subartikel (1) te vervang deur die volgende subartikel:

„(1) (*a*) Op 'n vergadering van die raad gehou ingevolge subartikel (1) van artikel *sestien*, kies die raadslede wat teenwoordig is, een raadslid as onderburgemeester van die munisipaliteit waarvoor hy aldus verkies word, en die bepalings van artikel *sestien* is *mutatis mutandis* op enige sodanige verkiesing van toepassing.

(*b*) Die onderburgemeester aanvaar onverwyld sodanige amp en bly, tensy sy amp vroeër vakant raak, in sy amp aan totdat sy opvolger ingevolge paragraaf (*a*) verkies word.

(*c*) Ingeval die amp van onderburgemeester om 'n ander rede vakant raak as die verstryking van die tydperk waarvoor sodanige onderburgemeester verkies is, word 'n opvolger op die tweede gewone vergadering gehou nadat die vakature ontstaan het, deur die raadslede wat teenwoordig is uit hulle geledere verkies ooreenkomstig die prosedure in paragraaf (*a*) bepaal, en sodanige opvolger aanvaar onverwyld sy amp en dien, tensy sy amp vroeër vakant raak, as onderburgemeester vir die onverstreke tydperk waarvoor sy voorganger verkies was.

(*d*) Indien 'n onderburgemeester om watter rede ook al nie soos in hierdie subartikel voorgeskryf, verkies word nie, kan hy op die eerste gewone vergadering van die raad wat daarna gehou word of op 'n spesiale vergadering van die raad deur die stadsklerk vir die doel belê, verkies word.".

(2) Enige onderburgemeester wat sy amp beklee by die inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie uit hoofde van 'n verkiesing gehou ingevolge artikel *sewentien* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bly in sy amp aan totdat sy opvolger verkies word ingevolge die bepalings van daardie artikel, soos vervang deur subartikel (1) van hierdie artikel: Met dien verstande dat enige toevallige vakature in die amp van onderburgemeester wat ontstaan voordat sodanige opvolger verkies word, gevul word asof subartikel (1) van hierdie artikel nie verorden was nie.

(7) If the election referred to in sub-section (6) does not take place within the period mentioned therein, the town clerk shall forthwith furnish the Administrator with a report of such fact, or if the town clerk fails so to report, the Administrator may himself take cognizance thereof.

(8) On receipt of a report made in terms of sub-section (7) or having taken cognizance in terms of that sub-section, the Administrator may, unless he is of the opinion that effect must be given to the provisions of section *one hundred and sixty-nine*, condone the failure of the council and direct that the election be held on a date determined by him."

(2) Any mayor who at the commencement of this Ordinance holds office by virtue of an election held in terms of section *sixteen* of the Local Government Ordinance 1939, shall continue in office until his successor is elected in terms of the provisions of that section as substituted by sub-section (1) of this section: Provided that any casual vacancy in the office of mayor which occurs prior to the election of his successor, shall be filled as if sub-section (1) of this section had not been enacted.

Amendment of section 17 of Ordinance 17 of 1939.

**25.** (1) Section *seventeen* of the Local Government Ordinance, 1939, is hereby amended by the substitution for sub-section (1) of the following sub-section:

"(1) (*a*) At a meeting of the council held in terms of sub-section (1) of section *sixteen*, the councillors present shall elect one councillor as deputy-mayor of the municipality for which he is so elected, and the provisions of section *sixteen* shall apply *mutatis mutandis* to any such election.

(*b*) The deputy-mayor shall forthwith enter upon such office and, unless his office be sooner vacated, continue therein until his successor be elected in terms of paragraph (*a*).

(*c*) If the office of deputy-mayor becomes vacant for any other reason than the expiry of the period for which such deputy-mayor was elected, a successor shall at the ordinary meeting next but one held after the vacancy occurred, be elected by the councillors who are present from amongst themselves in accordance with the procedure provided for in paragraph (*a*) and such successor shall forthwith enter upon his office and serve as deputy-mayor for the unexpired period for which his predecessor was elected unless his office is sooner vacated.

(*d*) If a deputy-mayor for any reason whatsoever is not elected as provided for in this sub-section, he may be elected at the first ordinary meeting of the council held thereafter or at a special meeting of the council convened by the town clerk for that purpose.".

(2) Any deputy-mayor who at the commencement of this Ordinance holds office by virtue of an election held in terms of section *seventeen* of the Local Government Ordinance, 1939, shall continue in office until his successor is elected in terms of the provisions of that section, as substituted by sub-section (1) of this section: Provided that any casual vacancy in the office of deputy-mayor which occurs prior to the election of his successor, shall be filled as if sub-section (1) of this section had not been enacted.

Wysiging van artikel 18 van Ordonnansie 17 van 1939.

**26.** Artikel *agtien* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby gewysig deur na die woord „moet" waar dit vir die eerste maal voorkom, die woorde „, behoudens die bepalings van artikel *drie-en-vyftig* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960,", in te voeg.

Vervanging van artikel 19 van Ordonnansie 17 van 1939.

**27.** Artikel *negentien* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Toelaes aan burgemeester, onderburgemeester en raadslede.

19. (1) Die raad kan uit sy inkomste sodanige bedrag tot die beskikking van die burgemeester stel as 'n toelae vir algemene doeleindes as wat die raad toereikend ag met inagname van die omstandighede.

(2) Die bedrag van die toelae in subartikel (1) genoem, word vasgestel by die aanvang van die burgemeester se ampstermyn, en mag nie gewysig word, hetsy deur verhoging of verlaging, gedurende sodanige ampstermyn nie.

(3) Van die besteding van die toelae in subartikel (1) genoem, word verslag gedoen aan die finansiële komitee genoem in artikel *nege-en-twintig* of aan die bestuurskomitee soos omskryf in artikel *een* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960, na gelang van die geval, maar is nie onderworpe aan ouditering nie.

(4) Die raad kan ook 'n bedrag toeken as 'n persoonlike toelae aan die burgemeester wat altesaam hoogstens een-derde mag bedra van die toelae genoem in subartikel (1).

(5) Die besteding van die toelae in subartikel (4) genoem, is nie onderworpe aan ouditering nie en die handtekening van die burgemeester daarvoor is voldoende.

(6) Wanneer die pligte verbonde aan die amp van burgemeester vir 'n onafgebroke tydperk van minstens veertien dae deur die onderburgemeester vervul word in die omstandighede beoog in subartikel (2) van artikel *sewentien* word die toelae wat ingevolge subartikels (1) en (4) aan die burgemeester betaalbaar is, aan die onderburgemeester betaal.

(7) Die raad van enige grootstadsraad en van enige ander stadsraad wat daartoe deur die Administrateur gemagtig is, kan uit sy inkomste 'n bedrag toeken as 'n persoonlike toelae aan die onderburgemeester van hoogstens die helfte van die toelae in subartikel (4) genoem en die bepalings van subartikel (5) is *mutatis mutandis* van toepassing op die besteding van sodanige toelae: Met dien verstande dat sodanige toelae nie betaalbaar is wanneer die bepalings van subartikel (6) van toepassing is nie.

(8) Die raad kan, met die toestemming van die Administrateur en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat hy in elke geval bepaal uit die inkomste van die raad 'n toelae aan die lede van sodanige raad betaal asook 'n addisionele toelae aan die voorsitter in die omstandighede beoog in subartikel (1) van artikel *drie-en-vyftig* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960.

(9) Enige toelae in hierdie artikel genoem is maandeliks betaalbaar en die bepalings van Hoofstuk IV word nie geag op die betaling van enige sodanige toelae van toepassing te wees nie.".

Amendment of section 18 of Ordinance 17 of 1939.

**26.** Section *eighteen* of the Local Government Ordinance, 1939, is hereby amended by the insertion after the word "shall" where it occurs for the first time, of the words ", subject to the provisions of section *fifty-three* of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960,".

Substitution of section 19 of Ordinance 17 of 1939.

**27.** The following section is hereby substituted for section *nineteen* of the Local Government Ordinance, 1939:

"Allowances to mayor, deputy-mayor and councillors.

19. (1) The council may out of its revenue make available to the mayor such amount as an allowance for general purposes as the council may deem sufficient in the circumstances.

(2) The amount of the allowance referred to in sub-section (1) shall be determined at the commencement of the mayor's term of office, and shall not be varied either by way of increase or decrease during such term of office.

(3) The expenditure of the allowance referred to in sub-section (1) shall be accounted for to the finance committee referred to in section *twenty-nine* or to the management committee as defined in section *one* of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960, as the case may be, but shall not be subject to audit.

